

SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 8:28 – 9:57

FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 8:29-35; RIGTERS 9:1-5, 22-24

Abimelek – ’n lewe sonder God

Lees ons die teks in sy geheel, dan kan ons net so wel sê dat daar ’n film van hierdie gedeelte gemaak kan word met ’n hoë ouderdomsbepanking. Tog beskik ons alvermoënde God dat ’n seun met die naam Abimelek vir Gideon gebore was.

In kort: Abimelek word as een van 70 seuns vir Gideon gegee. Abimelek word dan ook genoem (8:31), en met die eerste indruk sou ’n mens dink dat hy ’n besondere taak sou gehad het. Met ’n naam wat beteken “die vader is koning” sou ’n mens ook so verwag. Dan sien ons egter ’n man wat eerder self koning wil wees (9:2).

Ons sien ook die tipe koning wat hy wil wees in hoe hy vir hom volgelinge gewerf het (9:4). Sy bloedspoor begin met die massamoord op die 70 seuns, met uitsondering van Jotam. Van hier af gaan dit van kwaad na erger totdat Abimelek as lafaard deur sy wapendraer doodgemaak word (9:53, 54).

Al hierdie dinge gebeur as gevolg van die feit dat die volk weereens hulle God vergeet het en vir hulleself Baäl as god gekies het (8:33, 34). Abimelek word die toonbeeld van ’n lewe sonder God. Die Here bly egter in beheer en gebruik in die omstandighede die jongste seun Jotam om ’n boodskap oor te dra. Deur ’n fabel oor bome te vertel, wil die Here deur Jotam wys dat die mense se keuse vir Abimelek as koning waardeloos was. Abimelek die “doringbos” sal brand en so sal die Here sy toorn oor sonde wys (9:56).

Ons teks eindig met die waarheid dat God onreg sal straf (9:56, 57). Die vloek uitgespreek in die fabel (9:8-15) en in vers 20 moet in vervulling gaan. God is getrou in sy barmhartigheid, asook in sy regverdigheid.

Genadiglik kan kinders van die Here weet dat ons Here Jesus reeds vir ons die vloek gedra het. Die Here troos ons egter ook in ons teks deurdat Hy getrou is en boosheid en onreg sal straf.

Sing: Psalm 92:3 (1936)

Ds. W (Werner) van den Heever (Vryheid)